

In hierdie dae, 20 jaar gelede, het 'n rebellie deur die gange van Naspers, vandag Media24, getrek toe 'n jonger generasie joernaliste 'n ouer generasie uitgedaag het. Wat is die betekenis van daardie "WVK-ding", vra **Lizette Rabe**.



Die "WVK-ding" – die woorde van Tim du Plessis, oudredakteur van *Beeld* en *Rapport* en nou nuushoof by kykNET – het gegaan oor die mediasittings wat in September 1997 deur die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) gehou is. Alle mediahuise is genooi om voorleggings te doen oor die jare vanaf 1960 (dus min of meer die tyd van die Sharpeville-tragedie) tot met demokrasie in 1994. Naspers se maatskappybesluit was om nie te getuig nie, en dit is uitgedaag deur die Du Plessis-generasie. In 1997 was Du Plessis adjunkredakteur van *Beeld*, en die ouer generasie is vergestalt deur Ton Vosloo, toe nie-uitvoerende voorsitter van Naspers.

Nou, 20 jaar later, kan 'n mens sê dié episode kan as 'n noodsaaklike mondigwording vir die Afrikaanse joernalistiek gesien word, sodat hy hom kon herposisioneer in 'n nuwe mediapolitieke ekologie. Meer nog: dat hy noodsaaklike kulturele kapitaal vir 'n nuwe toekoms verwerf het.

Maar in nabetraging staan een beginsel soos 'n helder vlag uit – 'n beginsel wat die Naspers-meem genoem kan word, en waarvolgens albei groepe oortuig was hulle doen die regte ding. Wat was dié Naspers-meem? In twee woorde: lojale verset.

Naspers was in 1997 nog bekend as 'n Afrikaanse mediahuis, al het hy al van 1984 af *City Press*, *Drum* en *True Love* uitgegee (en van 1965 *Fairlady*, en reeds in 1922 sy eerste boek in 'n swart taal). In 2000 is Naspers herstruktureer in vyf afdelings. Die tradisionele Naspers-belange is gegroepeer onder Media24. In 1997 het die koerante nog onder Nasionale Koerante geval.

Die WVK se eerste sitting was simbolies op 16 Desember 1995. In die nuwe Suid-Afrika was dié Versoeningsdag; voorheen Geloftedag, en nog vroeër Dingaansdag, waarmee die Bloedrivierkonflik herdenk is. Vir Naspers, soos die maatskappy formeel in 1998 hernoem is, sou dit sorg vir 'n heel ander "Piekniek by Dinaaan" – die titel van 'n proteskabaret uit Diep Apartheid.

Die sittings was bedoel om 'n geleentheid te wees waar Suid-Afrikaners van alle oortuigings en agtergronde oor menseregtvergrype kon getuig. Uiteindelik is meer as 21 000 verklarings ontvang en meer as 1 000 mense het amnestie gekry. In van die Nas-



Aartsbiskop Desmond Tutu, voorsitter van die Waarheids-en-Versoeningskommissie, in trane tydens 'n sitting. Foto: JILLIAN EDELSTEIN

Naspers en die 'WVK-ding'

pers-koerante is die WVK as die "lieg-en-bieg-kommissie" beskryf, en die voorsitter, aartsbiskop Desmond Tutu, is nie net gedemoniseer nie, maar dikwels ook belaglik voorgestel.

Die spesiale sitting vir die media was van 15 tot 17 September 1997. Vosloo het sy besluit om nie 'n voorlegging te doen nie daarop gegrond dat Naspers nie 'n billike ontvangs sou kry nie, dat daar nie vertroue in die proses was nie en dat hy nie sy voorgangers, soos Piet Cillilié en Schalk Pienaar, kon verloën nie. Hy het dit boweal gedoen in die vaste oortuiging dat die Naspers-koerante apartheid met hul hervormingsjoernalistiek afgebreek het. Vosloo het later geskryf hy het sy besluit gegrond op slegs een woord: lojaliteit.

'n Amptelike Naspers-verklaring is wel voorberei, maar nooit voorgelê nie. Dit is geskryf deur die historikus-joernalis Leopold Scholtz, wat toe adjunkredakteur van *Die Burger* was. Hennie van Deventer, oudredakteur van *Volksblad* en toe hoof van Nasionale Koerante, het 'n individuele voorlegging gedoen waarin hy die rol van die Afrikaanse koerant verduidelik het.

Onder die jonger joernaliste was daar eweneens 'n vaste oortuiging, naamlik dat die maatskappy 'n waardevolle geleentheid laat verbygaan het.

Uiteindelik het sowat 127 Naspers-joernaliste individuele voor-

Noodsaaklike kulturele kapitaal kon as valuta vir 'n nuwe toekoms verwerf word.

leggings aan die WVK gedoen, hoewel oor die finale getal onduidelikheid is. Die Nasionale Argief in Pretoria, wat die WVK-dokumente huisves, het rekord van sowat 40.

Saam met Du Plessis was die leiers van die Jong Turke Tobie Wiese, toe adjunkredakteur van *Insig* (wat in 2007 gesluit is) en Arrie Rossouw, toe saam met Du Plessis adjunkredakteur van *Beeld*. In nabetraging kan 'n mens sê daar was inderwaarheid drie generasies betrokke – ook dié van Cillilié en Pienaar. En die oorsaak van die breuk – paradoksaal – was juis dit wat al drie aan mekaar gebind het: lojale verset.

Lojale verset was die titel van 'n bundel *Huisgenoot*-rubrieke deur N.P. van Wyk Louw wat in 1939 uitgegee is. Cillilié het later gesê dat sy en Pienaar se "gees van rebelheid" in die begrip "lojale verset" weerspieël is. Louw se kernbegrippe was die "oop gesprek", "lojale verset" en "voortbestaan in geregtigheid". Nasionale moes hulself voortdurend ná indringende debat – die "oop gesprek" – vra of hul Nasionale "eerlik" is, of ander skade

daandoen, en dan moet die "lojale Afrikaner" skerp krities wees – oftewel "lojale verset" uitoefen.

Die begrip het daarna gereeld in Naspers-publikasies gewerklind – as 't ware 'n meem geword wat deur dekades en generasies gevloei het. Dit was ook simbolies van die komplekse redaksionele posisionering van Naspers-publikasies – in Pienaar se woorde: "onafhanklikheid-in-gebondenheid". Cillilié het byvoorbeeld ook beklemtoon dat Louw se lojale verset een van die begrippe was wat van die vernaamste "gereedskap" was in die "proses van voortdurende vorming in die Afrikaanse joernalistiek".

Ironies genoeg sou juis dié begrip nie net onderliggend wees aan die bitterheid van die 1997-gebeure nie, maar ook vir die vrykoop van die Afrikaanse joernalistiek. Vir Vosloo en sy generasie was die klem op lojaliteit binne die lojale-verset-paradigma; vir Du Plessis se generasie was dit op verset.

Die stryd het ook op 'n persoonlike vlak seergemaak. Vir Du Plessis was Vosloo meer as 'n mentor – hy was ook 'n vaderfiguur. Vir Vosloo, op sy beurt, was Pienaar die mentor en rolmodel. Die verhaal bevat 'n verdere inherente patos in die sin dat die verteenwoordigers van al drie generasies – Pienaar, Vosloo en Du Plessis – elk hul pa op 'n jong ouderdom verloor het.

Maar die paradoks van lojale

verset – en generasies wat mekaar in lojaliteit uitdaag, soos dit hoort – het uiteindelik ook geseëvier. Du Plessis se agting vir Vosloo het geblly in hoe hy later na die episode verwys het, naamlik dat die rede hoekom daar nie blywende skade was nie toegeskryf kan word aan Vosloo se leierskap en sy ruimheid van gees. Ook Vosloo het aan Du Plessis erkenning gegee: "Tim die Jonge het aan Ton die Oue, seker 'n punt (of guns?) bewys met sy aanslag wat deur die eue by mens en dier voorkom: die jongeres wat die oues uitdaag."

Die "worsteling" – ook in Du Plessis se woorde – van 20 jaar gelede is geen simplistiese verhaal van helde of skurke nie. Dit was eerder – onvermydelik – 'n oorgangsrutueel waarin noodsaaklike kulturele kapitaal as valuta vir 'n nuwe toekoms verwerf kon word. Inderdaad: "doeanepunt en paspoortstempel" tot 'n nuwe toekoms, soos Du Plessis in 2015 geskryf het.

Vosloo het dikwels later in toesprake gesê dit was duidelik verkeerd dat Naspers en sy koerante apartheid so lank ondersteun het. In 2015, met Naspers se eufees, het hy geskryf: "Ek sê dus helder en duidelik 'n mens moet die fout erken en om verskoning vra aan ons mede-Suid-Afrikaners."

In nabetraging is daar nog 'n "les" wat 20 jaar later helder weerklind. Dit is die inherente beginsel van die lojale versetbegrip, naamlik dié van wedersydse respek – kulturele kapitaal van 'n diep menslike aard. Dit is iets wat ons juis, en veral, vandag in 'n tyd van morele bankrotskap nuut moet inspireer.

■ Lizette Rabe is voorsitter van die departement joernalistiek aan die Universiteit Stellenbosch.